

4

DE KLERK & VAN GEND
POSBUS 1857
KAAPSTAD
K40018/GC
42570

Opgestel deur my,

TRANSPORTBESORGER
SERFONTEIN HP

Fee endorsement		
	Amount	Office fee
Purchase price/Value	R. 7 980 000-00	R. 1500-00
Mortgage capital Amount	R.	R.
Reason for exemption	Exempt Lt. o Cat. section. Act.	

DATA / CAPTURE
14 DEC 2012
~~OLWIER YOUNBI~~

TRANSPORTAKTE

T 000072065 / 2012

SY DIT KENNELIK AAN ALMAL WIE DIT MAG AANGAAN

Dat MUMTAZ BEGUM AHMED

verskyn het voor my, Registrateur van Aktes te KAAPSTAD, Hy die gesegde Komparant synde daartoe behoorlik gemagtig deur 'n volmag geteken te BONNIEVALE op 26 OKTOBER 2012 aan hom verleen deur

CHRISTIAAN JACOBUS MOUTON
IDENTITEITSNOMMER : 490418 5004 08 1
GETROUD BUITE GEMEENSAP VAN GOED

DATA / VERIFY
14 DEC 2012
BARLOW-M

En genoemde Komparant het verklaar dat sy Prinsipaal voormeld die hiernavermelde eiendom aan die ondergenoemde Transportnemer verkoop het op 23 OKTOBER 2012, en dat hy in voornoemde hoedanigheid hierby in volkome en vrye eiendom sedeer en transporteer aan en ten gunste van

LANGEBERG MUNISIPALITEIT

of regsverkrygendes

**ERF 360 MCGREGOR
IN DIE LANGEBERG MUNISIPALITEIT
AFDELING ROBERTSON, PROVINSIE WES-KAAP;**

GROOT : 17,4109 (SEWENTIEN KOMMA VIER EEN NUL NEGE) HEKTAAR

EERSTE OORGEDRA KRAGTENS TRANSPORTAKTE NR T21801/1947 MET KAART NR 1799/47 WAT DAAROP BETREKKING HET EN GEHOU KRAGTENS TRANSPORTAKTE NR T73/1987.

A. ONDERHEWIG AAN die voorwaardes waarna verwys word in Verdelingstransportakte Nr 1862/1941.

B. ONDERHEWIG VERDER AAN EN GERETIG OP die voordele van die voorwaardes genoem in Verdelingstransportakte Nr 1862/1941, naamlik :

(a) Dat transportnemer en sy opvolgers in titel geregtig is op 7 – ¼ uur water per week, synde 'n halwe aandeel van 14-1/2 uur weeklikse waterbeurt die na verwys word in die kondisie 1 vermeld in gesegde Transportakte Nr 7124 gedateer 13 Julie 1929 en bevat in Transportakte Nr 6687 gedateer 24 Julie 1924 met dien verstande egter dat indien die verdeling van water geskied soos in paragraaf 5 van gesegde Transportakte Nr 7124 gedateer 13 Julie 1929 en hieronder paragraaf (III)5 beskrywe, dan sal die waterregte verander soos uiteengesit in die gesegde paragraaf 5.

(b) Dat transportnemer en sy opvolgers, en Carel William Pieter Barry en sy opvolgers van die restant van Payne's Dale getranspoteer op hierdie dag Nr 1863, beurtelings, en al om die ander week die reg sal he om eerste sy 7-1/4 of 14-1/2 uur water, na gelang van omstandighede, aan te dam.

C. ONDERHEWIG VERDER AAN voorwaardes genommer 2,4,5,6 en 7 genoem in Transportakte Nr 6687/1924, naamlik :

"2. De Transport Ontvanger en zijn Opvolgers in rechten zullen gezegde water-beurt moeten aandammen van en na de beurt van de Munisipaliteit van McGregor en aan begin van de

Transportmaker's beurt.

3.
4. Gezegde land zal onderhewig zijn aan de Servituut van Waterleiding om de Transportmaker en zijn opvolgers in rechten in staat te stellen hun beurt te leiden vanaf voormelde Sluis tot in hun sloot uit die Hoek's Rivier aangeleekend op voormeld Kaart bij bakens gemerkt "h" en "g".
5. Zoo dikwels als het water in de Hout Baais Rivier van waar voormelde beurten uit komen, daartoe sterk genoeg is, zal het naar verkiezing of bij sluis op "Die Nek" in de McGregor Besproeiings Raad's Kanaal of by de sluis bovengenoemde in twee gelijke delen verdeeld word voor elk partij helft gedurende de gezamenlike tydperken van hun beurten.
6. De Transport Ontvanger en zijn opvolgers in rechten zullen verplicht zijnde Transport Maker en zijn Opvolgers in rechten toe te laten om vrij te gebruiken alle zodanig water uit voormelde beurt, en ook zodanig water als gevonden mag worden op voormelde land, dat niet voordeling door eerstgenoemden op gezegde land kunnen worden gebruikt.
7. De Transport Ontvanger en zijn Opvolgers in rechten zullen verantwoordelik zijn voor de helft van de Besproeiings belastingen te worden geheven door de McGregor Besproeiings Raad op de eigendommen van de Transport Maker vallende binnen de perken van de Besproeiings Distrik, vanaf 1 Mei 1924, en zullen ook het Sloot vanaf aadam plaats van laatstgenoemde zoals beschreven in paragraaf 3 boven, over hun eigendom tot waar dit in de Hoeks Rivier inloopt, behoortlik in order en schoon moeten houden, zullen zij ook dit mogen gebruiken gedurende hun waterbeurt."

D. ONDERHEWIG VERDER AAN EN GEREKTIG OP die voordele van die servituut waarna verwys word in die volgende aantekening gedater 8 Mei 1940 op Transportakte Nr 7124/1929, naamlik :

"The within described land is subject to a servitude with regard to apportionment of water in terms of an Order of the Water Court (Water Court District No 3 dated 19.2.1940) as will more fully appear on reference to the copy of said order annexed hereto."

E. ONDERHEWIG VERDER AAN die volgende voorwaardes opgele in die Koopkontrak gedateer 23 Oktober 2012 tot voordeel van die Verkoper, naamlik :

Die Verkoper sal 'n vruggebruik ten opsigte van die Eiendom behou vir 'n periode van 24 (vier en twintig) maande gereken vanaf die datum van registrasie van transport in die Koper se naam. Indien die registrasie van transport in die Koper se naam plaasvind na 30 Junie dat die

Verkoper se Vruggebruikperiode van 24 (Vier en twintig) maande
automaties verleng word om dan te beeindig op 30 April van die jaar
volgende op die jaar waarin dit sou beeindig het.

For Information Only



Weshalwe die Komparant afstand doen van al die regte en titel wat die TRANSPORTGEWER voorheen op genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken dat die TRANSPORTGEWER geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie, en dat kragtens hierdie akte, bogenoemde TRANSPORTNEMER,

of gevolmagtigdes

tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die Regte van die Staat;

en ten slotte erken hy dat die hele Koopsom die bedrag van
R7 980 000-00 (SEWE MILJOEN NEGE HONDERD EN TAGTIG DUISEND RAND)

bedra, wat ten volle betaal of verseker is.


Ten Bewyse waarvan ek, die genoemde Registrateur, tesame met die Komparant, hierdie Akte onderteken en dit met die Ampseël bekragtig het.

ALDUS GEDOEN en verly op die Kantoor van die Registrateur van Aktes te
KAAPSTAD op 1 Desember 2012.



q.q.

In my teenwoordigheid,



REGISTRATEUR VAN AKTES